NG Gemeente Heuwelkruin

S O N D A G 29 Januarie 2012
Vierde Sondag na Epifanie



Alle nuwe lidmate! Hartlik welkom hier by ons! Ons hoop dat jy hier tuis is en jou liefde vir Jesus hier wil uitleef. Gee asb. jou naam na die diens in die voorportaal (langs die moederskamer) op en iemand sal jou kontak.

Alle nuwe intrekkers word genooi na die **portaalkuier** elke Donderdagmiddag om 16:30 in die voorportaal.

5/01

09:00 ***Formele diens: Ds Mauritz***
Teks: 1 Korintiërs 8 vers 1 tot 13
Tema: Leef lief genoeg vir ander mense

10:00 Kinderkerk in die Jeugkamer: Sonja Jansen

10:00 Kategese

10:30 ***Informele diens: Ds Mauritz***
Teks: 1 Korintiërs 8 vers 1 tot 13
Tema: Leef lief genoeg vir ander mense

15:00 ***Sesotho diens*: Dr Charles**

18:00 ***Meditatiewe Diens in die Kapél—Dr Charles***
Teks: Psalm 111
Tema: Ons loof God omdat Hy voortdurend in ons wêreld besig is

BAIE BELANGRIK HOSPITALISASIE

Die wet op private inligting verhoed hospitale om pasiënte se inligting sonder hulle toestemming aan leraars beskikbaar te stel. Lidmate word vriendelik versoek om seker te maak dat hulle aan hospitale die reg gee dat leraars hulle tydens roetine besoeke kan besoek. Maak dus asseblief seker dat u naam wel onder *NG Kerk* ingeskryf word.

Lief en Leed:

- Adri Smuts (Blok D/F) Melanoom word verwyder
- Ben Joubert (Blok M—7 Damme) Diabetes, nierdialise
- Helena Wolfaardt (Blok M—Serenitas) Beroerte

SEMINAAR VIR SENIOR BURGERS

Die Klipkerk (NG Gemeente Bloemfontein-Noord) bied op **Woensdag 15 Februarie 2012 vanaf 09:00 – 12:00**, 'n seminaar vir alle senior burgers aan. Die tema is, *Dink anders en leef anders*. Dr Hettie de Jager sal praat oor, *Wat jy dink is wat jy voel en leef!* Gerhardus Liebenberg kom praat oor, *Dink nuut oor jou finansies* en Tertius Esterhuizen gaan raad gee oor *beleggings, testamente en ouer word.* Vir navrae, kontak gerus die kerkkantoor by 051 448 1419.

België-uitreik 2012

In 2012 reik ons gemeente uit na Borgerhout in België waar Drienie Lombard, ons sendeling, tans onder Morrokaanse Moslems werk.

Ds Mauritz sal DV die groep lei, en die beoogde datum vir die uitreik word beplan vir September 2012. Hierdie uitreik sal spesifiek fokus op die ondersteuning van *Drienie*, sowel as werk/getuienis onder *Morrokaanse Moslems* in *Borgerhout*.

Bid asb hieroor. As die Here dit op jou hart lê om op hierdie uitreik te gaan, kontak Ds. Mauritz by 079 895 3916.

Boek-vir-boek Bybelstudie

'n Sistematiese studie van bepaalde Bybelboeke, elke Donderdagoggend om 9:30 in die Jeugkamer… Almal welkom

Die program vir die eerste kwartaal:

26 Januarie	Amos (1)
2 Februarie	Amos (2)
9 Februarie	Obadja
16 Februarie	Jona (1)
23 Februarie	Jona (2)
1 Maart	Miga
8 Maart	Romeine 1
15 Maart	Romeine 2
22 Maart	Romeine 3
29 Maart	Romeine 4

Midweek Omgeegroep is op soek na 'n rolstoel wat in onbruik is—hulle weet van 'n persoon wat dit dringend benodig. Kontak asb vir Elize Snyman by

082 445 6338 as jy kan help!

Nuwe Omgeegroepe

Persone wat belangstel om 'n omgeegroep te lei vir 'n spesifieke groep mense, (soos bv. Weduwees/wewenaars, jong egpare sonder kinders) moet asb met dr Charles kontak maak sodat reëlings vir opleiding getref kan word. Sien dit as 'n bediening binne die gemeente!

2012 Blombeurte

Vul asseblief jou naam op die lysie in die portaal in, as jy kans sien om blombeurte vir 2012 te neem!

Vrouediensbestuur vergader Maandag, 17:00 by William Trollip 23. Kontak Christa by—083 302 0430

Bloksessies

Kerkraad en lede van die blokke word sterk aangemoedig om die bloksessies by te woon. Leer mekaar hier beter ken en beplan saam met die geestelike leiers vir die jaar se bedrywighede. Nomineer ook vanuit die blokke geestelike leiers vir die kerkraad

Lidmate met kleiner kinders is welkom om Sondae in die kapel met die kinders te gaan sit



Kinderkerk 10:00—10:30 in die Jeugkamer. Indien daar nie aanvraag vir die kleuteroppasdiens tydens die informele diens is nie, gaan ons dit afstel.

Ons is 'n Selgroep vir Jongmense. Naskoolse, Ongetroude, Jongmense.

Christ@work

E-MAIL: elnaballet@mweb.co.za

SELFOON: 0824625507 / KONTAKPERSOON: Elna

Tema vir Woensdagaand: Who am I?? As jy nog nie weet nie, kom vind Woensdagaand 19:00 by Lukas Steynweg 1, uit!!

Portaalkuier

Alle onderwysers word uitgenooi na die portaalkuier van Donderdag.

Dankie aan Christ@Work-groep wat vir die afgelope maand diens gedoen het. Volgens die almanak doen Blok B diens in Februarie. By voorbaat dank!!

Kom geniet 'n koppie koffie, tee, koeldrank saam met ons vanaf 16:30 tot 17:30

Dr Charles & Ds Mauritz

Wilgehof-skool Kosprojek— programme vir die vrywilligers is in die voorportaal beskikbaar in bruin koeverte met u naam op

Jeugkamp

Die Gemeente se jeugkamp is DV 2-4 Maart by Drakensville en is verpligtend vir die finale jaar katkisante. Kry besonderhede by Jan Theron, jou kategeet of die Kantoor. Koste is R300.00 per kind.

Opnames van eredienste

is op CD beskikbaar en kan by die kantoor bestel word.

Vrouekamp

Voluit Vrouwees 2012!!

Spreker: Igno van Niekerk

17 tot 19 Februarie

Menuha

Koste: R300 p/p



Kom laai jou battery vir 2012

Jy het tyd tot Maandag, 13 Februarie om jou naam by die kerkkantoor op te gee en te betaal